*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 9 Augustus 2026**
**Vrouedag**

## Arm, maar ryk: Die Here heg waarde aan en beloon getrouheid.

*"Dit sê die Eerste en die Laaste, wat dood was, maar lewend geword het, 'Ek ken jou verdrukking en jou armoede, maar tog is jy ryk… Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal aan jou die oorwinnaarskrans van die lewe gee.'"*
(Openbaring 2:8-10)

Ons leef in 'n wêreld waarin waarde dikwels aan sigbare dinge gemeet word. Sukses, prestasie, rykdom, invloed, voorkoms en erkenning word maklik maatstawwe waarmee ons onsself en ander beoordeel. Ons leer om sterk te lyk, om aan te hou presteer en om ons swaarkry dikwels agter 'n glimlag te versteek. Die boodskap van Jesus aan die gemeente in Smirna bring ons voor 'n ongemaklike, maar bevrydende paradoks te staan: 'n mens kan uiterlik swak lyk en tog innerlik ryk wees.

Smirna was 'n gemeente wat swaar gekry het. Hulle is verdruk, vervolg en was arm. In die oë van die samelewing kon hulle maklik soos mense lyk wat verloor het. Tog sê Jesus vir hulle: *"Ek ken jou verdrukking en jou armoede - en tog is jy ryk"* (Openb. 2:9). Jesus kyk anders as wat die wêreld kyk. Hy meet nie ons waarde aan ons prestasies, besittings of openbare aansien nie. Hy sien wat dikwels vir ander onsigbaar is: ons getrouheid, volharding, geduld en geloof wanneer die lewe moeilik raak.

Die boodskap van Smirna ontken nie die werklikheid van lyding nie. Dit romantiseer ook nie pyn nie. Pyn bly pynlik en vrees bly diep menslik. Maar Smirna herinner ons daaraan dat uiterlike swaarkry nie noodwendig innerlike geestelike armoede beteken nie. Daarom is hierdie boodskap ook vir ons: wanneer jy swaarkry, wanneer jy moeg is, wanneer jy voel asof jy verloor, sien Christus jou. Jou getrouheid is vir Hom kosbaar. Bly getrou, volhard in geloof, dis ook aan óns dat Hy die kroon van die lewe beloof.

**Ds. Janke Hurter**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk. 'n Spesiale woord van welkom aan die doopfamilie – die Venters en Malans – hul vriende; ander besoekers en die kinders van Gladstoneweg Jeugsorgsentrum, én aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

**Aangesien dit 'n langnaweek is, is daar vandag geen kategese, Sotho- of aanddiens.**

## LITURGIE

**Klokgelui…**

**Verwelkoming**

**Wydingslied:** “Here Jesus, ons is saam” – Lied 157:1 en 2

**Votum:** Filippense 2:5-11

**Seëngroet**

**Loflied:** “Grote God, aan U die eer” – Lied 190:1, 2 en 3

**Oproep tot verootmoediging:** Openbaring 2

**Stilte vir nadenking en gebed …**

**Gebedslied:** “Heer, wees ons genadig” – Lied 247 (Afr & Lat)

**Genadeverkondiging…**

**Dooplied:** “My enigste troos in lewe en dood” – Lied 292:1

**Doopbeloftes:** Jan en Lize-Marie Venter

**Dooplied:** “Die doop is die seël …” – Lied 292:2

**Apostoliese Geloofsbelydenis, bediening van die doop en dankgebed**

**Seënbede vir doopouers en familie:** Laat, Heer, U seën op hul daal – Lied 268

**Epiklesegebed**

**Skriflesing:** Openbaring 2:8-11

**Prediking**

**Gebedslied:** “Wees stil en weet: Ek is die Heer” – Lied 519:1-4

**Dankoffers**

**Stilmoment, en aansteek van tweede wydingskers om Gemeente Smirna te onthou**

**Slotlied:** “Het jy gehoor dat eenmaal” – Lied 590:1 en 2

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel …**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 16 Aug | 09:30 – Ds Jan Lubbe (Nagmaal); gesinsdiens in saal - ds Johan Marais<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>17:00 – Bybelvasvrae vir Katkisante. |
| Donderdag, 20 Aug | 11:00 – Biduur by Siësta: Ds. Johan Marais. |
| Sondag, 23 Aug | 09:30 – Ds Jan Lubbe (Bybelsondag, Sentraal-Reünie); gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

9 Aug Yvonne Gouws, Marshé Louw, Nico Luwes, Marié Nieuwoudt en Annatjie van Wyk.
10 Aug Santie Kleynhans, Auret Strauss, Urban Uys, Reanda v Pletzen, Sunel v Rooyen.
11 Aug Hanri Smith, Maryna Spies, Marius Swart en Rikus van Pletzen.
12 Aug Janie de Jager en Marius Swanepoel.
13 Aug Ben Bezuidenhout, Kayla de Jager, Theunis Mulder en Lené Vermeulen.
14 Aug Luan Oberholzer, Natasia Pieterse, Jan-Hendrik Scholtz en Mari Smit.
15 Aug Irene Breedt, Susette Coetzer, Christine Nel en Dave Samuel.

Ons gelukwense vanoggend ook aan Jan en Lize-Mari Venter, met die doop van hul seuntjie Wilan – mag die Here jul as gesin en familiekring saam met hom verderaan seën.

Ons gebede klink op vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Oom Mornay Pretorius (Waverleyweg 120, wyk 20a); Erna Strydom (Woodlands Hights 2, wyk 12b); Tannie Marietjie Vermaak (Kiepersol 2, Wyk 16); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a); dr. Wynand Retief (Serenitas 96, wyk 15a) en Martin Coetzee (Winterstr. 4, wyk 6b). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Vergaderings:**
**Komitee vir Geldsake -** Dinsdag, 11/8 17:30
**Dagbestuur -** Maandag, 17/8 18:00 **Kerkraad -** Sondag, 23/8 18:00

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In **Augustus** is dit die beurt van **Wyke 18** (Verre Noorde), **19** (Bayswater en ooswaarts) en **20** (Waverley) om te sorg vir ons gasvryheidsbeurte: Vrydagaande met die ete by Bloemshelter/Towers of Hope, en Sondae met die koffie/tee in die binnehof ná die erediens – indien jy ook wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie!

## BEDIENINGE

### GEMEENTE- & JEUGBEDIENING

**Augustus is Bybel-in-Afrikaansmaand:**
Ons vier weer dankbaar die vertaling van die Bybel in Afrikaans, en gun dit ook vir ander...

- Vrydag, 14 Augustus, 10:30-12:00: Ons Seniorbediening gaan vir 'n heerlike oggend-program met verversings na die Bybelhuis; ds. Jan Lubbe doen 'n kort aanbieding oor die Afrikaanse Bybelvertalings en die bekende musikus Anton Esterhuyse sorg vir musiek (en pret)! Bespreek by die kerkkantoor vóór Dinsdag, 11/8 (073 180 3193).
- Sondag, 16 Augustus vanaf 16:00: Bybelvasvrae vir ons katkisante in Grade 6 tot 11, oor Openbaring 1-5; maar ons kuier eers vooraf saam met ete & drinke!
- Sondag, 23 Augustus om 09:30: Erediens, met 'n uitstalling, daarna tee in die binnehof, muntlegging deur die kinders, met R 55 subsideer jy een Bybel vir iemand anders...

**18 September: Berg-en-Daller 2026 Pentagon Pistols Padwedloop**
Aanlyn inskrywings is nou oop! https://www.entryninja.com/events/84353-berg-en-daller – sien advertensie vir meer inligting... En begin oefen – uit met daardie tekkies!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 9 Augustus: **Gemeente Ondersteuningsfonds (GOUF).** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

### FEESPROGRAM 2026

Berg-en-Dal gedenk in September 2026 dankbaar ons sewentigste bestaansjaar (1956). Ons nooi almal nou reeds uit na die volgende feesgeleenthede:

| | |
|---|---|
| ➢ Vrydagaand, 21/8 | Botshabelo Koorfees by Berg-en-Dal (18:00) |
| ➢ Woensdag, 9/9 | Spesiale Seniorbyeenkoms (09:30) |
| ➢ Vrydag, 18/9 | Kermis, Padwedloop, Kinderpartytjie! (vanaf 12:00) |
| ➢ Sondagoggend, 20/9 | Feesdiens, Doop en Lentelofprysing (09:30) |
| ➢ Sondagaand, 20/9 | Orrelkonsert deur dr Johan Cromhout (18:00) |
| ➢ Dinsdag, 22/9 | Oggendwyding en danksegging (07:00) |

Ons nooi alle lidmate om op of rondom **22 September 70 minute** van dankbaarheid iewers in die gemeenskap of by die gemeente, as 'n vrywilliger van jou tyd, aandag, gawe en energie te kom/gaan gee – dink solank wat jý kan doen om vir iemand of iets anders, daardie dag die lewe 'n lied te maak…

Ons Barmhartigheidsbediening se Gemeentemark verlede Vrydag het **R 7 440** opgelewer – baie dankie! Sien ook die kissie by **Pick & Pay** vir jou strokies! Dit gaan vir noodleniging.